BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Ek's In

# Deel 4 – Gaan maak 'n verskil

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

**Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Wie is die persone wat 'n groot impak in jou lewe gemaak het toe jy hulp of raad of ondersteuning nodig gehad het in jou lewe? Op watter manier het hulle dit gedoen? Vertel jou groep daarvan.**

**Wat in die wêreld breek jou hart op die oomblik? Hoe dink jy kan 'n mens 'n verskil daaraan maak?**

**Wat dink jy is die grootste rede hoekom mense nie betrokke is om 'n verskil te maak in ander mense se lewens nie? Hoe is dit ook waar in jou eie lewe? Wat doen jy om dit te oorbrug?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Matteus 5:13-14. Hoe dink jy lyk dit prakties in jou wêreld om lig en sout te wees in ander mense se lewens?**

---

---

---

**2 Korintiërs 5:20. Wat dink jy beteken dit om 'n gesant of gestuurde of ambassadeur van God in hierdie wêreld te wees? Watter verskil behoort dit te bring in die mense om ons se lewens?**

---

---

---

---

**Efesiërs 2:10. Watter goeie dade dink jy het God vir jou bestem om uit te leef? Hoe kan jou groep jou help om dit uit te leef?**

---

---

---

---

**1 Korintiërs 15:58. As jy jouself op 'n skaal van 1 tot 10 moes meet, hoe gereeld, getrou en konstant is jy besig met God se dinge ten einde 'n verskil te maak in mense se lewens in die Naam van Jesus? Gebaseer op jou antwoord, watter aanpassings dink jy moet jy maak?**

---

---

---

---

**As jy eendag nie meer op die aarde moet wees nie, waarvoor sou jy onthou wou word? Watter impak sou jy wou maak in hierdie wêreld? Watter verskil sou jy wou sien moet daar in die wêreld wees oor 10 jaar as gevolg van wat jy gedoen het vir mense in hierdie wêreld? Wat kan jy hierdie week doen om dit in beweging te bring?**

---

---

---

---

---

---

**Op watter manier gebruik jy tans jou geestelike gawes en passie om 'n verskil te maak in mense se lewens, en om te help bou aan Jesus se kerk? Wat het jy geleer van jouself en van God soos jy daarmee besig is? Hoe het dit jou gelei na nuwe geleenthede om mense verder te bedien?**
**Indien jy nie besig is om jou geestelike gawes en passie te gebruik om 'n verskil te maak nie, hoe kan jy daarmee begin? Hoe kan jou groep jou daarin verantwoordbaar hou?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**